

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

4 April 2021



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikant

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Koster en Powerpoints:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Zard Aucamp –
061 638 5247

**Erediens preke en oordenkings:**

<http://gkcachet.org.za/preke/> 

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne: 

<https://npwepener.wixsite.com/website>

Hulppredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

Jubila-voorsitter:

Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Aanddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: Lukas 24:13-35

**Tema: Die Woord getuig van
Christus se heerlikheid**



gedagte vir die week


U sal my siel nie oorgee in die dood,
my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot
verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreug en volle vrede,
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Psalm 16:5 (Totius)

CACHET

Lief en Leed:

† Ons dink in ons gebede aan Cheer Motshaiwa en sy gesin met die afsterwe van sy broer. (Ps. 34:19)




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>**Oggend 1ste kollekte:**
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid (deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>**Aand 2de kollekte:**
Ramings

EFT vir kollektes:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Ramings (deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:


<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening
 0670340023
 Takkode: 335138
 Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

6 April Wilmari Louw

*En singend wag ek op sy Naam,
 met al Gods gunsvolk saam.*

7 April Schalk Buys

Psalm 52:4B

8 April Abraham Smit

8 April Anja Ueckermann

8 April Arina van der Merwe



Administratief



1. Attestate

Ontvang:

- Leoné van Niekerk vanaf *GK Bronkhorstspuit*
- Willem- en Elizna van Heerden vanaf *GK Potchefstroom (sentraal)*

Vertrek:

- Johannes Daniël (Johan) van der Walt na *GK Oos-Londen*

2. Eredienste vir April

- 4 April – Engelse oggenddiens om 11:00 (langnaweek)
- 11 April – Afrikaanse oggenddiens om 09:30
- 18 April – Gesamentlike diens vir al die wyke om 10:00
- 25 April – Engelse oggenddiens om 11:00 (langnaweek)
- Die aanddienste bly durentyd om 18:00

Nuus vanaf Admin Buro



Beroepe ontvang:

Proponent Philip Hattingh na GK Bloemhof/Christina kombinasie


Ds Peter Hattingh van GK Okahandja na GK Vandelbijlpark Trinitas

Proponent Jaco Linde na GK Witrivier

Proponent Izak van der Westhuizen na GK Colesberg

IDEAAL AS GESKENK OF AANDENKING VIR ALMAL WAT POTCH LIEFHET!

GK CACHET FONDSINSAMELING



STORIES VAN POTCHEFSTROOM

INTERESSANT EN VERMAAKLIK -
DEUR DR. LENNIE GOUWS

R350

KONTAK LIDA - 076 263 4983

Jubeljaar Merch

Enige bestellings kan by Archelle
geplaas word en kan dan betaal en
afgehaal word tydens Koffiekroeg.

Dit sal ook tydens Koffiekroeg verkoop word,
so kom loer gerus!



Water R10




Stickers R10



Koppies R70



Sleutel-
houers R15



KAMERS TE HUUR 2021

OP KAMPUS BY GK CACHET

WATER, LIGTE, INTERNET, PARKERING
EN SKOONMAAKDIENSTE INGESLUIT

SLEGS DAMESSTUDENTE
VANAF R2700 TOT R4400 PER MAAND
PER KAMER

KAMERS IS DEELBAAR, TWEE DAMES PER KAMER

Kontak Brahm

0646561374

brahmrobinson@gmail.com





Die Administratiewe Buro van die GKSA in Potchefstroom het 'n vakature vir 'n

ASSISTENT VAN DIE REKTOR EN REKTORAAT VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

Vereistes:

- Bewese ervaring in kantooradministrasie en/of ander organisatoriese ervaring.
- Sterk organisatoriese vaardighede.
- Sosiale vaardighede vir groepwerk en skakeling met die publiek, studente en kerke.
- In staat om met insig selfgedrewe te beplan en te werk, en doeldatums te haal.
- Aanvoeling vir die organisatoriese opset van die GKSA en die etos van die GKSA in die algemeen. Lidmaatskap van die GKSA word as belangrik beskou.
- Rekenaarvaardig en bedrewe met internet, e-pos en die volgende sagteware: Microsoft Office applikasies (Word, Excel, Powerpoint).
- Vaardig met instandhouding van 'n webwerf en facebook-blad
- Vaardigheid in die gebruik van die interne IT-programme van die NWU is 'n sterk aanbeveling.
- Minimum akademiese kwalifikasie van 'n eerste B-graad.
- Goeie taalvaardigheid in Afrikaans en Engels.
- Die geskikte kandidaat sal by voorkeur 'n gevestigde persoon wees wat bereid is tot 'n langtermyn verbintenis.

Vergoeding en ander voordele:

- Markverwante vergoeding is onderhandelbaar.
- Pensioenvoordele

Sluitingsdatum vir aansoeke: 23 MAART 2021 om 14:00.

Indien u nie binne 2 weke na sluitingsdatum vir aansoeke van ons verneem het nie, neem asseblief aan dat u aansoek onsuksesvol was.

Vir kennisname: Hierdie pos is nie aan die NWU gekoppel nie en is die basiese NWU-voordele nie van toepassing vir hierdie pos nie.

Diensaanvaarding: 1 Mei 2021 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae: Dr Wymie du Plessis by 083 575 5786. Skakel asb vir inligting oor vergoeding.

CV's:

- Per hand by: Die Administratiewe Buro, Molenstraat 62, Potchefstroom.
- E-pos: wymiedup@gksa.co.za



Die Kommissie vir Christelike Onderwys van die Potchefstroom-gemeente is besig met 'n projek om skoolboeke wat in ons plaaslike skole gebruik word, deur te werk. Die gedagte is om nie-Christelike inhoud op te spoor sodat dit aan ouers uitgewys kan word en leiding gegee kan word oor hoe om die effek daarvan op ons verbondskinders teen te werk.

Die Kommissie wil graag ook lidmate van Cachet-gemeente wat belangstel, uitnooi om deel te hê aan hierdie projek en te help om die boeke deur te werk. Lidmate wat graag wil help, word versoek om asseblief die voorsitter, ouderling **Kobus Mentz**, te kontak by 083 785 5053.

DIE BEKENDSTELLING VAN DIE KERKBLAD

Eerwaarde Kerkraad,

In opvolging van die onlangse skrywe van die Redaksie van Die Kerkblad rakende die situasie van ons blad, neem ons die vrymoedigheid om aan u die aangehegde "Bekendstelling" te stuur, wat u moontlik met vrug kan gebruik om Die Kerkblad nog beter in u gemeente bekend te stel en te bemark.

Soos ons in ons vorige skrywe gemeld het, ontvang ons steeds graag die naam van 'n skakelpersoon/bemarker in u gemeente, met wie ons op 'n gereelde basis kan skakel. Stuur asseblief ook die lidmaat se kontakbesonderhede saam.

Verder noem ons graag dat ons oor 'n aantal kopieë van vorige uitgawes beskik, wat ons aan u kan stuur met die oog op bekendstelling aan lidmate wat nie ingeteken is nie. Laat weet asseblief as ons vir u kopieë moet stuur en ook die aantal wat u benodig.

Nogmaals dankie dat ons ook weer kan vra vir u voortdurende voorbidding vir Die Kerkblad en ons ander tydskrifte.

Ons bid u as gemeente die ryke seën van ons troue Verbondsgod toe.

Hartlike groete in Christus,

Prof Callie Coetzee (Redakteur).



Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandwode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Geestelike pitkos vir die Gereformeerde lidmaat

Bied insig in die waarhede van die Skrif

Beoordeel aktuele gebeure in die lig van die Skrif en belydenis

Artikels wat fokus met die waarheid van die Woord op alle lewensterreine

Gedrukte formaat en ook elektronies beskikbaar

**Vir intekening:
Tel. 018 297 3986
bestellings@gksa.co.za / kerkblad@gksa.co.za**

TRANSORANJE INSTITUUT

Geagte gemeente,

Die jaar 2020 was beslis nie 'n goeie jaar vir ons skole en kinders nie. Kinders was erg ontwrig – veral die kind met 'n spesiale onderwysbehoefte het dit werklik moeilik gehad. Die onderwyspersoneel het egter net weer gewys deur innoverend te dink en kreatiwiteit aan die dag te lê, het hul die kinders gemotiveer om tuis steeds hul beste te gee.

Die matriekuitslae is dan 'n bewys van wat die skole kon regkry om veral ons matrikulante voor te berei vir hul eindeksamen. Vier van die skole het 'n 100% slaagsyfer en een 'n 94% slaagsyfer behaal. In die nuusbrieff (volgende bladsy) kan u lees van die besondere prestasies wat die matrikulante behaal het.

Die Stigterslede, naamlik die drie susterkerke, het 74 jaar gelede die versierendheid gehad om hierdie skole 'n werklikheid te maak. Vandag, na al die jare is hierdie skole steeds relevant en het onmisbaar geword in die spesiale onderwys geledere.

Help ons om hierdie skole te ondersteun sodat die kind met 'n spesiale onderwysbehoefte altyd 'n tuiste sal hê.

Met virendelike groete

Arina Jooste

The difference between mediocrity and excellence is often a matter of effort. ~ Diana Waring

Uitvoerende Beampte

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys

Posbus 13383 HATFIELD T: 012-362 0660 E: toibo@imagnet.co.za



Danie Emmenis van Transoranje-skool vir Dowes het sy eksamen in Gebaretaal afgelê en is deur die Departement van Basiese Onderwys aangewys as die nasionale toppresteerder.



JP Barnard was die beste presteerder van Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid, met 'n gemiddeld van 71%.



Omphile Makhanya van Prinshofskool vir Gesiggestremdes is aangewys as die toppresteerder vir LSOB-skole in Gauteng.



Van links na regs: **Joshua Botes, Xavier Benedito en Ludwig Gelderblom** van Hoërskool Martie du Plessis vir Fisiese, Serebraal- en Leergestremdhede slaag al drie met universiteitstoelating, en elkeen ontvang 'n beurs vir verdere studie aan die Universiteit van die Vrystaat.

MATRIKULANTE MAAK ONS TROTS!

Transoranje Instituut ABSA Rekeningnr: 020 840 145

CJ Langenhoven het gesê: As die kortpad die beste pad was, sou die hoofpad daar geloop het.

Ek het met verwondering die verslae van die skole gelees, en net weer besef hoe trots TOIBO kan wees. Die skole het te midde van hierdie pandemie voldoen aan die regulasies, en die opvoeders het innoverend gedink en meer kreatief geraak om te verseker dat die leerders nie agter raak met hul werk nie. Dit was nie maklik nie, maar:

Tough times never last, but tough people do.

GK Cachet Kalender: April 2021



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
28 Mrt.	29	30	31	1	2 Goeie Vrydag	3
4	5 Publieke Vakansiedag	6 Klasse begin	7	8	9-10 Gemeentekamp	
11 Gemeentekamp Gemeente-ete (Jubila) Rooipoortjie	12 F&E vergadering	13 Koffiekroeg	14	15	16	17
18 Gemeenskaplike diens Rooipoortjie	19 Woordbedieningskommissie vergadering	20	21	22	23	24 Cachet 50 Stap-toer

25	26	27	28	29	30	1 Mei
Cachet 50 Staptoer				50 dae uitdaging begin	Koningskind ersaksie	Werkersdag
		Vryheidsdag			Klere- en worsbrood- jieverkoping	
		Koffiekroeg				